12. Appèlle en Beswaarskrifte

12.1 RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE PRE-ADVIES OOR DIE ONTVANKLIKHEID VAN APPÈLLE EN BESWAARSKRIFTE (Artt 9, 17, 74, 75)

A. Dr RM van der Merwe lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Punt 4.2.5 word afgekeur en die formulering van die motivering soos gestel in die vergadering verwys na 'n Kommissie bestaande uit dr RM van der Merwe, ds CA Jansen, dr PK Lourens en prof J Smit as adviseur vir opskrifstelling en voorlegging aan die vergadering.
D. Dr RM van der Merwe rapporteer namens die Kommissie.

E. EERSTE RAPPORT

1. Opdrag

Die mandaat van die Regskommissie is om die Sinode te adviseer insake die ONTVANKLIKHEID van alle Appèlle en Beswaarskrifte. Verder behoort die Regskommissie hulle ten volle in te werk op die inhoud van die onderskeie Appèlle en Beswaarskrifte sonder dat tot enige besluit geraak word (Acta, 1991:540, E2).

Besluit: Kennis geneem.

2. Die Sinode neem kennis

2.1 *Oorsig oor **Appèlle** met gepaardgaande dokumentasie wat beoordeel is*

2.1.1 Appèl br GL Erasmus teen besluit van Streeksinode Vrystaat Kwazulu-Natal, November 2010 betreffende Bloemburg.

2.2 *Oorsig oor **Beswaarskrifte** met gepaardgaande dokumentasie wat beoordeel is*

2.2.1 Beswaarskrif – GL Erasmus teen die afwys van die Beswaarskrif op Sinode 2009 rakende die NAV.
2.2.2 Beswaarskrif – GL Erasmus teen die aanvaarding van 'n akte van menseregte by die Nasionale Sinode 1985.
2.2.3 Beswaarskrif – GL Erasmus teen die beslissing van die Sinode 2009 oor menseregte.
2.2.4 Beswaarskrif – GK Bloemfontein-Suid teen die besluit van die Sinode 2009 oor dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie.
2.2.5 Beswaarskrif – GK Klerksdorp teen die besluit van Sinode 2009 oor die saak van die vrou in die diens van ouderling en predikant.
2.2.6 Beswaarskrif – GK Krugersdorp teen 'n besluit van Sinode 2009 oor "saak van die vrou".
2.2.7 Beswaarskrif – GK Potchefstroom-Noord/Noordbrug teen besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderling en predikant.
2.2.8 Beswaarskrif – AH Klopper, AP Kruger, AH Stavast en RL Vorster oor die besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die amp.
2.2.9 Beswaar – B Spoelstra teen handelinge in en van Sinode 2009.
2.2.10 Beswaarskrif – Klassis Oostelike Pretoria oor besluit van Sinode 2009 dat vroue nie as predikant en ouderlinge mag dien nie.
2.2.11 Beswaarskrif – Klassis Krugersdorp oor besluite van Sinode 2006 oor die vrou in die amp.
2.2.12 Beswaarskrif – Streeksinode Randvaal teen die besluit van die Algemene Sinode 2009 oor die vrou in die amp van Ouderling en predikant.

2.3 *Moontlike betrokkenheid van Regsdeputate by besluite waarteen geappelleer / beswaar aangeteken word*

2.3.1 Persoonlike betrokkenheid van lede van die Kommissie is verreken. Alle aanbevelings van die Regskommissie is eenparig, met inagneming dat persone wat self betrokke is by Beswaarskrifte, nie gestem het nie.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3.1 kennis geneem.

3. Die Sinode oorweeg

3.1 *Beoordeling van ontvanklikheid van **Appèlle***

3.1.1 Die prosedure soos bepaal deur Sinode 1939 (Acta, 1939:144-145, 1-5) – soos gewysig deur Sinodes 1964, 1973, 1985, 1991, 1997 – asook die vereistes van KO, art 46 is gevolg in die beoordeling van die ontvanklikheid van die onderskeie Appèlle.

3.1.2 Die volgende aspekte is spesifiek in ag geneem:

3.1.2.1 Kennisgewing van Appèl binne ses weke tydperk.

3.1.2.2 Weergawe van offisiële redaksie van besluit waarteen geappelleer word.

3.1.2.3 Gronde vir besware in eie woorde.

3.1.2.4 Skriftelike beskikbaarstelling (waar moontlik, verkieslik 14 dae voor meerdere vergadering).

3.1.2.5 Kerkorde, art 46.

Besluit: Punte 3.1.1 tot 3.1.2.5 kennis geneem.

3.1.1 <u>Aanbeveling</u>: Die Sinode keur die vereistes soos gestel in 3.1.2 goed.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 *Beoordeling van ontvanklikheid van **Beswaarskrifte***

3.2.1 Die Sinode (Acta, 2003:43, 3.2) het Studiedeputate aangewys om die problematiek rondom die reikwydte van die besluite van Sinodes 1967, 1991 en 1994 (Acta, 1967:349-350, 1991:526-528 en 1994:51-55) te bestudeer en die Sinode hieroor te adviseer. Die Studiedeputate rapporteer later in die Sinode oor die reg van direkte toegang tot enige meerdere vergadering.

3.2.2 Intussen geld dieselfde vereistes vir ontvanklikheid van Beswaarskrifte soos deur Sinode 2003 (Acta, 2003:43, 3.2) goedgekeur. Die Kommissie het in die beoordeling van Beswaarskrifte die vereistes soos goedgekeur deur Sinode 2003 (Acta, 2003:43, 3.2) as vertrekpunt geneem.

3.2.3 Die volgende aspekte is spesifiek gebruik in die beoordeling:

3.2.3.1 Beswaar is teen bestaande Sinodebesluit.

3.2.3.2 Sinodebesluit is korrek weergegee.

3.2.3.3 Gronde vir besware in eie woorde.

3.2.3.4 Kerkorde, art 46.

Besluit: Punte 3.2.1 tot 3.2.3.4 kennis geneem.

3.2.4 <u>Aanbeveling</u>: Die Sinode keur die vereistes soos gestel in 3.2.4 goed.

Besluit: Goedgekeur.

4. Die Sinode besluit

4.1 *Appèl GL Erasmus teen besluit van Streeksinode Vrystaat Kwazulu-Natal, November 2010 betreffende Bloemburg*

4.1.1 <u>Tyd van kennisgewing</u>

4.1.1.1 Besluit van Streeksinode Kwazulu-Natal: November 2010.

4.1.1.2 Kennisgewing van Appèl: In die amptelike stukke wat die Deputate ontvang het, is geen kennisgewing van Appèl te vinde nie.

4.1.1.3 Die Voorsitter van die pas afgelope Streeksinode het egter telefonies bevestig dat Toeligters vir die Appèl namens die Streeksinode aangewys is.

4.1.2 <u>Redaksie van besluit</u>

4.1.2.1 In die stukke is geen stawing dat die amptelike redaksie van die besluit bekom is nie.

4.1.2.2 Punt 1 van die Appèlstuk noem egter die besluit waarteen geappelleer word: “Acta Streeksinode KZN-Vrystaat September 2010, art 39:5 (Bylae W). *Goedgekeur*, dws

die aanbeveling van die Appèlkommissie, pt 5. *In sy geheel slaag die Appèlskrif nie.*"

4.1.2.3 Bylae W is 'n Kommissierapport wat op die Streeksinode gedien het.

4.1.3 Gronde vir Appèl in eie woorde

4.1.3.1 Gronde vir Appèl word in eie woorde aangebied.

4.1.4 Inhandiging van Appèl

4.1.4.1 Die Deputate het geen amptelike getuienis dat die Appèl betyds ingehandig is nie.

4.1.5 Kerkorde, artikel 46

4.1.5.1 Daar word geappeleer teen 'n besluit wat nie voorheen gedien het nie.

Besluit: Punte 4.1.1 tot 4.1.5.1 kennis geneem.

4.1.6 Aanbeveling

4.1.6.1 Die Appèl is onontvanklik weens gebrek aan stawing van die tyd van kennisgewing en die ontbreking van die amptelike redaksie van die besluit.

Besluit: Goedgekeur.

BESWAARSKRIFTE

4.2 *Beswaarskrif – GL Erasmus teen die afwys van die Beswaarskrif op Sinode 2009 rakende die NAV*

4.2.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.2.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2009 (Acta:133).

4.2.2 Weergawe van Sinodebesluit

4.2.2.1 Besluit word woordeliks weergegee.

4.2.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.2.3.1 Gronde vir die beswaar bestaan uit 'n bespreking van die vorige Beswaarskrif en besluit oor die Beswaarskrif (vgl Studiedeputate se Rapport en bevindings – Acta 2009:101–133).

4.2.4 Kerkorde, artikel 46

4.2.4.1 Die meeste van die sake wat in die vorige Beswaarskrif gedien het, word weer aangebied, maar dit blyk dat die beredenering van die Beswaargronde nuwe materie (nuwe sake) op die tafel bring. Om die noodsaak van hierdie beredenering van Skrif, Belydenis en Kerkorde vir die bepaalde saak te bepaal (KO, art 46), sal 'n dieper studie van hierdie Beswaarskrif noodsaak.

4.2.4.2 Die Deputate beskou die dieper bestudering van Beswaarskrifte nie deel van sy opdrag nie.

4.2.4.3 Die Deputate kan nie met stelligheid beweer dat hierdie Beswaarskrif in stryd met Kerkorde, artikel 46 is nie.

Besluit: Punte 4.2.1 tot 4.2.4.3 kennis geneem.

4.2.5 Aanbeveling

4.2.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.

4.2.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.

Besluit: Punte 4.2.5.1 en 4.2.5.2 afgekeur. Verwys na Kommissie om die Sinode te adviseer oor die motivering van die besluit om die beswaarskrif van GL Erasmus teen Sinode 2009 se besluit onontvanklik te verklaar.

Motivering:

1. Die Beswaarskrif handel oor sake wat etlike kere deur Sinodes behandel is.
2. Die Beswaarskrif dui nie die noodsaak (necessitas) aan waarom hierdie sake weer moet dien nie (vgl KO, art 46 en 1 Kor 10:23 en 24).

Besluit: Goedgekeur.

4.3 *Beswaarskrif – GL Erasmus teen die aanvaarding van 'n akte van menseregte by die Nasionale Sinode 1985*

4.3.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.3.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 1985:651, 3.8).

4.3.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.3.2.1 Besluit word woordeliks weergegee.
4.3.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.3.3.1 Gronde van beswaar word aangevoer.
4.3.4 Kerkorde, artikel 46
4.3.4.1 Die Beswaarskrif stel in ‘n historiese agtergrond: “Omdat die Beswaarskrif onregmatig afgewys is, word die Beswaarskrif effens gewysig weer ingedien.”
4.3.4.2 Dit blyk dat die Beswaarskrif met enkele uitsonderings feitlik woordeliks ooreenkom met die Beswaarskrif van die GK Orania wat in 2009 afgewys is (Acta 2009:202–216).
4.3.4.3 Die Beswaarskrif toon nie duidelik die noodsaak aan waarom dit weer in behandeling geneem behoort te word nie.
Besluit: Punte 4.3.1 tot 4.3.4.3 kennis geneem.
4.3.5 Aanbeveling
4.3.5.1 Die Beswaarskrif is onontvanklik.
Besluit: Goedgekeur.

4.4 *Beswaarskrif 2 – GL Erasmus teen die beslissing van die Sinode 2009 oor menseregte*
4.4.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.4.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2009 (Acta 2009:215-216).
4.4.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.4.2.1 Besluit word woordeliks weergegee soos in Acta GKSA 2009.
4.4.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.4.3.1 Gronde van beswaar word aangevoer waarom die besluit van 2009 hersien moet word.
4.4.4 Kerkorde, artikel 46
4.4.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Punte 4.4.1 tot 4.4.4.1 kennis geneem.
4.4.5 Aanbeveling
4.4.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.4.5.2 Die Sinode wys ‘n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Goedgekeur.

4.5 *Beswaarskrif – GK Bloemfontein-Suid teen die besluit van die Sinode 2009 oor dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie*
4.5.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.5.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 2009 (Acta 2009:667, 4).
4.5.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.5.2.1 Besluit word woordeliks weergegee soos in Acta GKSA 2009.
4.5.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.5.3.1 Vyf gronde van beswaar word aangevoer waarom die besluit van 2009 hersien moet word.
4.5.4 Kerkorde, artikel 46
4.5.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Punte 4.5.1 tot 4.5.4.1 kennis geneem.
4.5.5 Aanbeveling
4.5.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.5.5.2 Die Sinode wys ‘n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Punte 4.5.5.1 en 4.5.5.2 goedgekeur.

4.6 *Beswaarskrif – GK Klerksdorp teen die besluit van Sinode 2009 oor die saak van die vrou in die diens van ouderling en predikant*
4.6.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.6.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 2009 (Acta 2009:667, 4).

4.6.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.6.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta GKSA 2009.
4.6.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.6.3.1 Vier gronde van beswaar word aangevoer waarom die besluit van 2009 hersien moet word.
4.6.4 Kerkorde, artikel 46
4.6.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Punte 4.6.1 tot 4.6.4.1 kennis geneem.
4.6.5 Aanbeveling
4.6.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.6.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Punte 4.6.5.1 en 4.6.5.2 goedgekeur.

4.7 *Beswaarskrif – GK Krugersdorp teen 'n besluit van Sinode 2009 oor "saak van die vrou"*
4.7.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.7.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2009 (Acta 2009:667, 4).
4.7.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.7.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta GKSA 2009.
4.7.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.7.3.1 Vier gronde van beswaar word aangevoer waarom die besluit van 2009 hersien moet word.
4.7.4 Kerkorde, artikel 46
4.7.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Punte 4.7.1 tot 4.7.4.1 kennis geneem.
4.7.5 Aanbeveling
4.7.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.7.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Punte 4.7.5.1 en 4.7.5.2 goedgekeur.

4.8 *Beswaarskrif – GK Potchefstroom-Noord teen besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderling en predikant. Kyk ook 4.12 hieronder*
4.8.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.8.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2009 (Acta 2009:667, 4.2).
4.8.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.8.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta GKSA 2009.
4.8.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.8.3.1 'n Beswaargrond met beredenering word aangevoer waarom die besluit van 2009 hersien moet word.
4.8.4 Kerkorde, artikel 46
4.8.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Punte 4.8.1 tot 4.8.4.1 kennis geneem.
4.8.5 Aanbeveling
4.8.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.8.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Punte 4.8.5.1 en 4.8.5.2 goedgekeur.

4.9 *Beswaarskrif – AH Klopper, AP Kruger, AH Stavast en RL Vorster oor die besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die diakenamp*
4.9.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.9.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 2003 (Acta 2003:591).
4.9.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.9.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta GKSA 2003.

4.9.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.9.3.1 Vier gronde van beswaar word aangevoer waarom die besluit van 2003 hersien moet word.

4.9.4 Kerkorde, artikel 46

4.9.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.

Besluit: Punte 4.9.1 tot 4.9.4.1 kennis geneem.

4.9.5 Aanbeveling

4.9.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.

4.9.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.

Besluit: Punte 4.9.5.1 en 4.9.5.2 goedgekeur.

4.10 *Beswaar – B Spoelstra teen handelinge in en van Sinode 2009*

4.10.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.10.1.1 Die Beswaar is teen "handelinge in en van Sinode 2009".

4.10.2 Weergawe van Sinodebesluit

4.10.2.1 Beswaar verwys na Sinodebesluit van 2009 (Acta:380-384, G en H), maar haal die besluit nie woordeliks aan nie.

4.10.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.10.3.1 Beswaargronde word in eie woorde aangevoer waarom "handelinge in en van Sinode 2009" hersiening nodig het.

4.10.4 Kerkorde, artikel 46

4.10.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.

4.10.4.2 Aangesien die beswaar hoofsaaklik handel oor die handelinge van Sinode 2009 ('n vergadering wat afgesluit is) en nie besluite nie, is dit nie moontlik vir Sinode 2012 om die handelinge reg te stel nie, behalwe om kollegialisties die handelinge van Sinode 2009 te hersien.

4.10.5 Tyd van inhandiging

4.10.5.1 Die Beswaar is nie voor die spertyd vir stukke vir die Sinode 2012 ingehandig nie (vgl Bylae, p1).

Besluit: Punte 4.10.1 tot 4.10.5.1 kennis geneem.

4.10.6 Aanbeveling

4.10.6.1 Die beswaar, indien dit 'n Beswaarskrif sou wees, is onontvanklik.

Besluit: Goedgekeur maar die saak word in terme van KO, artt 30 en 36 ontvanklik verklaar en na 'n Kommissie verwys om die vergadering oor die saak te adviseer. (Kyk 20.10 in Handelinge oor afhandeling van die saak – Deputate Handelinge.)

4.11 *Beswaarskrif – Oostelike Pretoria oor die besluit van Sinode 2009 dat vroue nie as predikant en ouderlinge mag dien nie*

4.11.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.11.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2009 (Acta 2009:667).

4.11.2 Weergawe van Sinodebesluit

4.11.2.1 Besluit word woordeliks weergegee soos in Acta GKSA 2009.

4.11.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.11.3.1 'n Beswaargronde (genoem "Motivering") word aangevoer waarom die besluit van 2009 hersiening nodig het.

4.11.4 Kerkorde, artikel 46

4.11.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.

Besluit: Punte 4.11.1 tot 4.11.4.1 kennis geneem.

4.11.5 Aanbeveling

4.11.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.

4.11.5.2 Die Sinode wys 'n kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer

Besluit: Punte 4.11.5.1 en 4.11.5.2 goedgekeur. Nommering van rapport gekorrigeer – Deputate Handelinge.

4.12 *Beswaarskrif – GK Potchefstroom-Noord/Noordbrug teen besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderling en predikant*
(Kyk 4.8 hierbo – dieselfde Beswaarskrif. Gemeentes Potchefstroom-Noord en Noordbrug het intussen saamgesmelt, daarom die Beswaar in die naam van die saamgesmelte gemeentes.)

4.13 *Beswaarskrif Streeksinode Randvaal teen die besluit van die Algemene Sinode 2009 oor die vrou in die amp van ouderling en predikant*
4.13.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.13.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2009 (Acta 2009:667, 4.2).
4.13.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.13.2.1 Besluit word woordeliks weergegee soos in Acta GKSA 2009.
4.13.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.13.3.1 Geen duidelike beswaargronde word aangedui waarom die besluit van 2009 hersiening nodig het nie. Punt 3 kan moontlik as beswaargrond bedoel wees, maar word nie duidelik so aangedui nie.
4.13.4 Kerkorde, artikel 46
4.13.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
4.13.5 Probleem
4.13.5.1 Behalwe die probleem in 4.13.3 hierbo aangedui, is dit nie duidelik wie se stuk, wat as Beswaarskrif ingedien is, hierdie is nie. Streeksinode Randvaal het besluit om "'n saak van die GK Noordrand te ondersteun. Die besluit is geneem omdat geoordeel is dat die saak genoegsaam meriete het vir behandeling deur die Algemene Sinode 2012" (Acta Streeksinode Randvaal, 22 November 2011).
4.13.5.2 Wat Randvaal onder "ondersteun" bedoel het, is nie duidelik nie, want die stuk is deurgaans in die naam van die GK Noordrand opgestel. Dit blyk dat Randvaal die stuk nie formeel en inhoudelik sy eie gemaak het nie.
4.13.5.3 Aangesien die Beskrywingspunt/Beswaarskrif nie formeel as Beswaarskrif met gronde ingedien word nie, maak dit die beoordeling daarvan uiters problematies. Juis daarom is daar riglyne deur vorige Sinodes neergelê waarvolgens Beswaarskrifte opgestel moet wees.
Besluit: Punte 4.13.1 tot 4.13.5.3 kennis geneem.
4.13.6 Aanbeveling
4.13.6.1 Die Beswaarskrif is onontvanklik weens probleme in 4.13.3 en 4.13.5 genoem.
Besluit: Goedgekeur.

F. TWEEDE RAPPORT

1. Opdrag

Die mandaat van die Regskommissie is om die Sinode te adviseer insake die ONTVANKLIKHEID van alle Appèlle en Beswaarskrifte. Verder behoort die Regskommissie hulle ten volle in te werk op die inhoud van die onderskeie Appèlle en Beswaarskrifte sonder dat tot enige besluit geraak word (Acta, 1991:540, E2).
Besluit: Kennis geneem.

2. Die Sinode neem kennis

2.1 *Oorsig oor **Appèlle** met gepaardgaande dokumentasie wat beoordeel is*
2.1.1 Appèl B Spoelstra teen besluit van Streeksinode Pretoria, 22 November 2011 insake aansoek om beroepbaarstelling – br CJ Malan.
2.1.2 Appèl G en F Kruger teen 'n Kerkraadsbesluit van Klassis Trans-Magalies van 24 Maart 2011 (insake KO, art 79 klag teen N Vorster)
Besluit: Punte 2.1.1 en 2.1.2 kennis geneem.

3. Die Sinode besluit

3.1 *Appèl B Spoelstra teen besluit van Streeksinode Pretoria, 22 November 2011 insake aansoek om beroepbaarstelling – br CJ Malan*

3.1.1 Tyd van kennisgewing

3.1.1.1 Kennis van Appèl is binne toegelate tydperk gegee

3.1.2 Redaksie van besluit

3.1.2.1 Die offisiële redaksie van die besluit is aangeheg.

3.1.3 Gronde vir Appèl in eie woorde

3.1.3.1 Gronde vir Appèl word in eie woorde aangebied.

3.1.4 Inhandiging van Appèl

3.1.4.1 Die Appèl is betyds ingehandig

3.1.5 Kerkorde, artikel 46

3.1.5.1 Die Appèl handel oor ‘n saak wat nie voorheen gedien het op die Sinode nie.

Besluit: Punte 3.1.1 tot 3.1.5.1 kennis geneem.

3.1.6 Aanbeveling

3.1.6.1 Die Appèl is ontvanklik.

3.1.6.2 Die Sinode wys ‘n Kommissie aan om die Appèl te hanteer

Besluit: Punte 3.1.6.1 en 3.1.6.2 goedgekeur.

3.2 *Appèl G en F Kruger teen ‘n Kerkraadsbesluit van Klassis Trans-Magalies van 24 Maart 2011 (insake KO, art 79 klag teen N Vorster)*

3.2.1 Tyd van kennisgewing

3.2.1.1 Kennis van Appèl is binne toegelate tydperk gegee.

3.2.2 Redaksie van besluit

3.2.2.1 Die offisiële redaksie van die besluit is aangeheg.

3.2.3 Grond vir Appèl in eie woorde

3.2.3.1 Grond vir Appèl word in eie woorde aangebied.

3.2.4 Inhandiging van Appèl

3.2.4.1 Die Appèl is betyds ingehandig

3.2.5 Kerkorde, artikel 46

3.2.5.1 Die Appèl handel oor ‘n saak wat nie voorheen gedien het op die Sinode nie.

3.2.6 Probleem

3.2.6.1 Die Appèl lyk op die oog af formeel in orde.

3.2.6.2 Die appellante noem egter die Appèl: “Appèl ... teen ‘n Kerkraadsbesluit van Klassis Trans-Limpopo van 24 Maart 2011” Die opskrif is egter verwarrend omdat ‘n Appèl na die Algemene Sinode alleen moontlik is indien dit teen ‘n besluit van ‘n Streeksinode gerig is.

3.2.6.3 Hoewel die amptelike redaksie waarteen die Appèl gerig is, aandui dat dit teen ‘n Streeksinodebesluit is, beredeneer die Appèlgrond regskrenking wat deur ‘n Kerkraadsbesluit gepleeg is. Daar word nie duidelik aangedui in watter mate die Streeksinode die reg gekrenk het nie.

Besluit: Punte 3.2.1 tot 3.2.6.3 kennis geneem.

3.2.7 Aanbeveling

3.2.7.1 Die Appèl is onontvanklik weens die probleem in 3.2.6 aangedui.

Besluit: Goedgekeur.

12.1.1 APPÈL TEEN BESLUIT VAN STREEKSINODE PRETORIA, 22 NOVEMBER 2011 – BR CJ MALAN (Artt 75, 113, 264)

A. Die vergadering gaan in camera.
B. Die voorsitterskap word deur die voorsitter, ds SD Snyman, oorgegee aan ds MA Modise. Motivering: Die voorsitter en ondervoorsitter is albei van Streeksinode Pretoria teen wie se besluit appèl aangeteken word.
C. Oudl CJ Malan stel die appèl.
D. Ds C Aucamp lig die besluit van Streeksinode Pretoria toe.
E. **Besluit:** Die appèl word verwys na Appèlkommissie 2.
F. Dr JH Howell rapporteer namens Appèlkommissie 2.
G. Die persoon wat namens die appellant optree, het te kenne gegee dat hy nie teenwoordig sal wees nie.
H. Die afgevaardigdes van Streeksinode Pretoria neem nie aan die stemming deel nie.

I. **APPÈL**

1. Regskrenking waarvan die Sinode kennis neem

1.1 Ondergetekende het aan die Deputate vir Korrespondensie benoem deur die Streeksinode vir Gereformeerde Kerke van Pretoria (SS-GKPta of SSPta) skriftelik en telefonies kennis gegee van sy voorneme om kragtens KO, art 31 te appelleer na die Sinode van Potchefstroom 2012 teen die aanloop tot en besluit art 36 Notule van SS-GKPta 22 November 2011 e.v.d. Ek het afskrifte van alle stukke in die Notule wat betrekking het op die aansoek om beroepbaarstelling van br CJ Malan, gevra en slegs fotokopie van art 36 (ongedat as Bylae 22) ontvang (vgl my Bylae 5 van 3 bladsye, vooruit 14.12.11 met kennisgewing van Appèl na Administratiewe Buro gefaks). Ek hoop om hierdie Appèl teen die besluit DV voor einde Desember aan Deputate vir Korrespondensie per e-pos te stuur. Jammer dit is so laat, maar kan weens besluit van SSPta van November 2011 en inwin van stukke nie eerder nie. My hartlike dank vir goeie diens van die bekwame personeel by die Administratiewe Buro.

1.2 SS-GKPta November 2011 het ‘n aansoek om beroepbaarstelling van br CJ Malan nie behoorlik ter tafel geneem (KO, artt 30, 33), self hom gehoor, sy aansoek hanteer, kerklik beoordeel, indien nodig ad-hoc Kommissies met duidelike opdragte oor wat ontbreek het, benoem nie (KO, art 49). In Notule art 36 November 2011 SSPta ontbreek ‘n verantwoorde besluit oor beroepbaarstellig van br Malan. Die SSPta het nie in reses gegaan om te wag op wat ontbreek nie, maar het gesluit en verdaag en br Malan met sy aansoek in die koue gelaat. Dit is rede vir hierdie Appèl na die Algemene Sinode van 2012. In aanloop tot art 36 SSPta November 2011 het reeds voor die konstituering van SSPta allerlei persone en quasie “kommissies” buite, voor en na SSPta van November 2011 konstitueer het sonder welomskrewe opdragte (KO, art 49) werk van of KlOP of SSPta gedoen of probeer doen. M.i. moes die Klassis van kerke in Oostelike Pretoria (KlOP), hoogstens met Deputate van of vanweë die vorige SSPta, die aansoek van br Malan kragtens art 4 op kerklike wyse afgehandel het (vgl my Bylae 1 en KO, art 49 so wel as advies Sinode 1967 oor KO, art 4, so ver toepaslik op aansoek-Malan). Dit is ‘n ope vraag of br Awie Verhoef c.s. as “eksamendeputate” br Malan sonder opdrag van SSPta November 2011 kon en moes ondersoek het. Hulle kon m.i. hoogstens as Deputate van die Streeksinode kragtens KO, art 49 in die KlOP voor SSPta van 2011 mbt KO, art 4 in die aansoek-Malan opgetree het. Ongelukkig het Deputate sedert middel 2010 sonder besluitnemende bevoegdheid verkeerd die aansoek-Malan om beroepbaarstelling vir behandeling volgens advies Sinode Acta 1973:318 geklassifiseer en KLOP en SSPta het op die voet gevolg. Daarvolgens moes br Malan nie-bestaande “dokumente” wat mbt ‘n eiewillige of ontslag onder KO, artt 79/80 sou bestaan het, inlewer voordat sy aansoek kon dien – ‘n dwaling wat voorkom van middel 2010 (vgl Cilliers aan Malan 7.8.10, Ligthelm aan Malan 24.8.10) tot art 36 SSPta November 2011. Hierdie dwaling mbt ontbrekende “dokumente” beheers art 36

van SS-Pta November 2011. Die relevante advies vir behandeling van ‘n aansoek om beroepbaarstelling (Acta Sinode 1967:49b–p51) speel in KlOP en SSPta geen rol nie.

1.3 Malan het 27 September 2011 die “Sameroeper van Eksamendeputate” (wat nie deur SSPta van November 2011 benoem was vir die aansoek van Malan nie) ingelig dat sy ontslag as predikant kragtens KO, art 11 geskied het en deur Kerkraad en Klassis Pretoria-Oos 8.10.1997 in Junie 1998 sonder verdere handelinge outomaties bepaal was en geskied het (Bylae 1). Die feite het skynbaar nooit aandag van KlOP en SSPta November 2011 geniet nie.

1.4 KlOP van ongeveer September 2010 en/of 2011 kon met of sonder Deputate Streeksinode (KO, art 49) die aansoek van br Malan onder KO, art 4 in lyn met advies van Sinode 1967, Acta:49 e.v. afgehandel het. M.i. was slegs sy vorige huwelik en hoe dit sy situasie van 1997 en in 2010 raak, beoordeel word. Tog het die oordeel by GK Pretoria-Magalieskruin tuisgehoort, KO, art 30. Die GK Kriel het egter vir br Malan omstreeks 2009 ‘n “skoon” attestaat van GK Pretoria-Magalieskruin ontvang. Die GK Kriel het hom as aktiewe ouderling bevestig en lewer sterk positiewe getuienis wat volgens advies van Sinode 1967:49 e.v. beslissend by beroepbaarstelling weeg. Oudl CJ Malan het immers die kandidaatseksamen reeds voor 1971 afgelê. Sonder enige getuienis tot die teendeel, krenk art 36 SSPta November 2011 hierdie reg.

2. Verdere agtergrond waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 Ek was sedert 1981 bevriend met br Malan. Toe mev Malan haar na ‘n tyd laat groot doop het (vgl Bylae 3), het ek enkele kere met mev Malan berading oor die genadeverbond en kinderdoop gegee. Sy was onoortuigbaar. Ds Malan het te midde van groeiende onrus in die gemeente agv mev Malan se optrede, sy huwelik, gesin en diens probeer handhaaf. Teen 1997 het die Kerkraad na visitasies en advies van die Klassis 8 Oktober 1997 besluit om ds Malan op “waggeld” onder KO, art 11 tot Junie 1998 te plaas. Hy het tot Junie 1998 as VDM met skoon attestasie van Pretoria-Oos in ander kerke gedien. Toe die “wagperiode” afgeloop en sy band van KO, art 11 met GK Pretoria-Oos outomaties verval, het hy soos ‘n ouderling “eervol ontslag” as predikant van Pretoria-Oos ontvang. Die religieuse tweespalt in die pastorie het sy beroepbaarheid verongeluk, hom en sy gesin finansiëel onversorgd gelaat, sonder dat die kerke in Klassikale verband uit barmhartigheid dit aangespreek het (vgl Bylae (1)). [Opmerking: M.i. behoort die GKSA die anomalie aan te spreek van beroepbaarheid in die koninkryk van God gegrond op verlies van finansiële traktering (KO, art 11) agv byvoorbeeld verarmende kerke in die nuwe RSA aan te spreek in die lig van KO, artt 12, 13, 15 of outomatiese herstel van proponentstatus mits nie tot ‘n ander beroep oorgegaan was nie, (en bv “reg tot uitsonderlike Woordbediening aan Pres Paul Kruger, proff F Postma, JC van Rooy e.a.) Sinode 1967:56)].

2.2 Malan se eggenote het hom na enkele jare verlaat en die partye het vreedsaam geskik en op die rol geplaas vir 2010. Malan het in die lig daarvan in die 2de helfte van 2010 onderhandel met Deputate vir Korrespondensie van KlOP (Bylae 2) en vir volgende SS-GKPta (vgl WJ Cilliers aan Malan 7.8.2010). Beide het hom (na oorleg?) foutiewelik na vereistes van Sinode 1973:318 vir die aansoek verwys. Toe die Griffier die Hofdatum na vroeg 2011 verskuif, het Malan sy aansoek voorlopig teruggetrek, maar vereistes vir sy aansoek het op Sinode 1973:318, 3.2.2/3 en 3.2.2.5 bly staan en onkerkregtelik-kollegialisties geëis dat Malan getuienis van die GK Pretoria-Brooklyn ipv Kerkraad GK Pretoria-Oos wat nie meer bestaan nie, voorsien. Hierdie formalistiese wettiese wanbegrip dat een struktuur ‘n ander vervang, loop deur tot in SSPta art 36, pt 6.2 in November 2011. Dit word hoofrede waarom br Malan se beroepbaarstelling nie aan die orde kom nie. GK Pretoria-Brooklyn het kerkordelik korrek Malan geantwoord dat hulle nie kan doen nie – maar nog dring SSPta art 36, pt 6.2 nog daarop aan (Bylae 5).

2.3 Dieselfde kerkordelike mistasting laat N Ligthelm Malan sonder opdrag van KlOP ontmoet en self behartig (vgl Bylae 2, 24.8.2010, ontmoeting 6.10.2010). Steeds handel dit oor formele “dokumente” en dra by dat Malan se aansoek by KlOP ongeveer

September 2010 en 2011 nog steeds op formele feite strand (vgl SSPta art 36, pte 2 en 3 en 6.1 en 6.3, Bylae 5) en laat br Malan se aansoek in doodloopstraat te laat eindig.

2.4 Die antwoord van br Malan op die skrywe van ds Ligthelm as “deputaat” is insiggewend mbt Malan se roepingsbewustheid, vgl Bylae 3.2.

2.5 Wanneer br Malan by KlOP einde 2010 aansoek doen (KO, artt 4 en 30; Sinode 1967:49 e.v.) word hy nie opgeroep om gehoor te word nie waarskynlik waarom die skrywe van Ligthelm gedat 29.8.2010 wat deurloop tot SSPta art 36, pt 2 en 3 (Bylae 5) gaan agv die beroep op 1973:318 direk in stryd met besluit van Kerkraad en Klassis Pretoria-Oos Oktober 1997 (Bylae 1) en advies Sinode 1967:49 e.v.

2.6 Sinode 1967:49 e.v. lê nadruk op die plig van kerke om beroepbaarstelling as “roeping van God” met spoed te hanteer en indien nodig daarvoor ‘n spesiale Klassis saam te roep. Die hele proses in KlOP sedert einde 2010 wat kulmineer in art 36 SSPta November 2011 is egter een lang slakkegang wat (bona of male fide?) Gereformeerde prosedures en Sinodale bepalings ignoreer. Besluite in die lig van Skrif, Belydenis en die geformuleerde KO soos op meriete aangepas by die aansoek, word versuim. Die instelling is duidelik om Sinode 1973:318 soos sekulêre wêreldse wette en reglemente soos wêreldse wetsbepalings op br Malan se aansoek af te dwing. In die onderhawige aansoek van br Malan was “dokumente” die wêreldse slagyster wat Malan moes vang, Bylae 5, pte 6.1, 6.2, 6.3 6.4).

2.7 Op 20 Julie 2011 doen br Malan weer “aansoek om beroepbaarstelling” by Deputate vir Korrespondensie vir die a.s. KlOP (Bylae 4). Hy was daar teenwoordig, gehoor, niks gevra en uitgestuur vir KlOP om sonder hom te bespreek, te besluit en kon nie klaar kry nie (SSPta, art 36, pte 2 + 3).

2.8 Dit is opmerklik dat KLOP en SSPta wat die aansoek van br Malan mbt KO, art 4 behandel het, nooit na Skrif, Belydenis en KO in besluite as gesag verwys nie. Die geloofsbriewe is dus pro forma gebruik en nêrens tov naamlose ongeïdentifiseerde “dokumente” op menslike gesag as beslissend aanvaar. Die aansoek van br Malan is dus nie as ‘n kerklike saak soos beroepbaarstelling op kerklike wyse maar as ‘n persoonlike saak op dokumente gegrond hanteer en KO, art 30 verswyg.

2.9 Die aansoek van br Malan moes in KlOP reeds einde 2011 dringend afgehandel gewees het waarvoor Bylae 1, getuienis van GK Kriel in art 36, pt 5 genoem, br Malan se lang diens as VDM voldoende was, indien daar nie in samesprekings van br Malan met die volle SSPta nie onvoorsiene probleme ivm sy persoon of roeping opgeduik het nie, KO, artt 4, 30, 33 en Sinode 1967:49 e.v. Die hindernis kon kollegialistiese permanente strukture in Deputate, selfstandige Kommissies met gedelegeerde mag, onkerklike formalisme ens gewees het, vgl SSPta, art 36 (Bylae 5).

2.10 Dit spyt my dat ek weens vakansiereëlings nie hierdie Appèl in die Sinode kan toelig nie. Aangesien die Appèl br Malan raak en hy oor meer inligting beskik, magtig ek hom om soos kerkregtelik genoem word as my “mond” in die Appèl Sinode 2012 te dien in vertroue dat die Sinode dit sal toestaan.

3. Gronde vir Appèl teen besluit art 36 SS-GKPta, November 2011

3.1 Hierbo het verskillende aspekte en regspunte reeds aangedui dat in art 36 SSPta November 2011 ‘n reeks onkerkregtelike handelinge van Deputate (persone), “kommissies” ipv kerkvergaderings sowel as KlOP twee keer en uiteindelik SSPta geprejudiseerd optree. Br Malan se aansoek om beroepbaarstelling is volgens advies in Sinode Acta 1973:318 geklassifiseer en sonder bewyse aangeneem dat br Malan of vrywillig of weens dissiplinêre handelinge volgens KO, artt 79/80 VDM ontslaan is en tevergeefs na “dokumente” daaromtrent gesoek. Sy aansoek is dus op onbewese aanname tov Acta 1973:318 hanteer en persone, “quasie= e.a. kommissies” het sonder welomskrewe opdragte (KO, art 49), sowel as KlOP laat 2010 en 2011 en SSPta November 2011 het versuim om die aansoek van br Malan volgens KO, art 4 met advies van Sinode 1967:49 e.v. te hanteer. Hierdie geprejudiseerde vertrekpunt van ontbrekende “dokumente” volgens Sinode 1973:318 loop gevolglik deur na art 36

SSPta van November 2011. Die besluit moet gekanselleer word omdat dit br Malan se reg in KO, art 4 oor beroepbaarstelling gekrenk het.

3.2 Volgens reg soos bepaal in KO, art 4 en wyer aangedui in Sinode 1967:49 e.v. het br CJ Malan kwalifiseer om beroepbaar in die GKSA gestel te word. Hy het die kandidaatseksamen voor of in 1971 afgelê. Hy was beroepbaar gestel in ‘n besluit van Gereformeerde Kerk en Klassis Pretoria-Oos in Oktober 1997 in wat neerkom op “eervol ontslag” in Junie 1998 agv probleme wat sy vrou veroorsaak het in GK Pretoria-Oos en GKPta onthef is van sy pligte volgens art 11 om te onderhou. Sy vrou het hom ‘n paar jaar later verlaat. Ten spyte van die hangende formele egskeiding, het GK Pretoria-Magalieskruin wat oor sy egskeiding moes geoordeel het (KO, art 30) hom van “skoon” attestaat na GK Kriel laat vertrek om daar negatief as ouderling geestelike diens, behalwe bediening van sakramente te verrig. GK Kriel het besonder goeie getuienis oor hom vir beroepbaarstelling gelewer (vgl Bylae 5, art 36, pt 5). Tog ignoreer SSPta dit in die besluit art 36 November 2011. Dit krenk die reg tov wat Sinode 1967:49 e.v. by KO, art 4 vereis. SSPta voer ook niks negatief teenoor Malan aan nie, maar stel hom nie beroepbaar nie. Dit is pligsversuim en regskrenking.

3.3 Die Kommissie ad hoc wat aan SSPta November 2011, art 38 rapporteer, swyg oor sy opdrag en hoe hy dit uitvoer in twee vergaderings (Bylae 5:2, pt 1). Die opskrif in die Notule dui die Rapport aan as “Eksaminering van br Neels Malan” (Bylae 5:1). Daarvolgens was die tweede vergadering van die Kommissie ‘n gesprek met br Malan deur die Kommissie ipv die SSPta en daaroor word niks aan die SSPta rapporteer of besluit deur SSPta tov die aansoek van br Malan nie. Skynbaar het die eerste vergadering van die Kommissie ad hoc sonder bepaalde opdrag van namens SSPta dokumente tov br Malan nagegaan en beheers die ses punte wat SSPta in art 36 “goedkeur”. Die tweede vergadering was ‘n gesprek van die Kommisie ipv SSPta soos KO, art 4 met br Malan vereis (Sinode 1967:49 e.v.). Daarvan meld die Rapport wat die basis van SSPta art 36 vorm niks nie. Die Kommissie ad hoc het dus die Sinode verplaas en die tweede vergadering vir gesprek met br Malan net formele “window-dressing” asof sy aansoek gehoor is, wetende dat die Kommissierapport oor sy eerste vergadering die besluit oor Malan se aansoek in art 36 van SSPta beseël. Hoe ookal, br Malan se aansoek om beroepbaarstelling is deur ‘n Kommissierapport oor “dokumente” deur SSPta in art 36 beantwoord. Art 36 SSPta, November 2011 krenk die kerklike orde vir beroepbaarstelling soos bepaal in KO, art 4 en Sinode 1967:49 e.v. Dit is ironies dat die Notule art 36 van SSPta November 2011 van “Eksaminering br Neels Malan” praat, terwyl die Notule allermins daaroor, maar bloot oor ongedefinieerde “dokumente” gaan wat irelevant vir die Malanaansoek was.

3.4 Punt 5 van art 36 SSPta November 2011 verwys na positiewe getuienis van GK Kriel oor die beroepbaarstelling van br Malan maar word in art 36 SSPta nie regtens evalueer nie. Dit is growwe regskrenking in die lig van Sinode Acta 1967:49. Die vier “aanbevelings” wat SSPta wel aanvaar, handel nie een oor “eksaminering” of beroepbaarstelling na aanleiding van ‘n aansoek onder KO, art 4 nie. Die wyse waarop SSPta op die aansoek van br Malan uitspraak gee, maak van ‘n kerlike saak op kerklike wyse behandel ‘n klug.

3.5 Wanneer besware van hierbo teen art 36 SSPta November 2011 ontleed word, is dit duidelik dat die sg Kommissie ad hoc nie ‘n welomskrewe opdrag mbt eksaminering van br Malan gehad of alternatiewelik uitgevoer het nie en dat SSPta in art 36 versuim het om KO, art 49 toe te pas waarskynlik omdat SSPta werk wat hyself moes doen (artt 30, 34) na ‘n Kommissie ad hoc in stryd met KO, art 49 sonder welomskrewe mandaat delegeer het. As dit gebeur het, het SSPta sekulêre genootskapsreg waar Kommissies kerkvergaderings op sterkte van reglemente verplaas, lei of dikteer by aanvaarding van art 36 toegepas. Dit het dan Gereformeerde kerkreg gekrenk waar samekomste van kerke (meer vergaderings) volgens Skrif, Belydenis en KO besin en besluite neem en aan Kommissies opdra om uit te voer (KO, art 49). Indien hierdie aanname as foutief bewys word, is my reg as Appellant gekrenk omdat al die stukke van SSPta wat op die aansoek van br Malan betrekking het nie soos gevra aan my gestuur is nie. Indien die

Kommissie ad hoc egter sonder riglyne en sonder ‘n welomskrewe opdrag art 36 vir SSPta formuleer het, het SSPta dit net met vier rubberstempels “goedgekeur” (Bylae 5, pt 1). Dit verskil ligjare van kerklike sake op kerklike wyse volgens Skrif, Belydenis en KO afhandel.

3.6 Die reg wat die kerke oa op Sinode 1967:49 e.v. vir beroepbaarstelling neergelê het oor KO, artt 4 en 49 het SSPta met art 36 November 2011 gekrenk deur nie aan die eise wat die lasbriewe vir die konstituering stel en wat SSPta in die Openlike Verklaring voorgegee het na te kom, voldoen nie. Sodoende het SSPta in art 36 ook ongevoelig en oneties kandidaat Malan gefaal wanneer hy na byna twee jaar met moeite, tyd, intense spanning en kostes gestry het om die Here wat hom roep weer as predikant te mag dien hom met vertroue na SSPta gewend het.

3.7 Ek beweer dat KlOP en SSPta die Negende Gebod teenoor br Malan geskend het deur hom nie self te hoor wanneer sy aansoek om beroepbaarsteling bespreek word, repliek te lewer voor besluit word ens. Indien sy aansoek in sy afwesigheid op argumente afgeskiet word, wat hy nie gehoor of op kon antwoord nie, word sy reg gekrenk, vgl HK, Son 43. Ek vind dit regskrenkend dat waar geleentheid vir vrae aan hom gegee was, in KlOP en SSPta hom niks bv oor sy egskeiding gevra is nie. Derglike vrae en antwoorde kon vir die beroepbaarstelling volgens advies van Sinode 1967:49 e.v. saam met die getuienis van GK Kriel genoegsaam gewees het om beroepbaarstelling al dan nie af te handel. Omdat art 36 van SSPta nie ‘n behoorlike antwoord op sy aansoek was nie, is sy reg op behoorlike antwoord op ‘n aansoek om beroepbaarstelling gemeen- en kerkregtelik gekrenk, vandaar hierdie Appèl.

3.8 Art 36 van SSPta November 21 skend die reg deur ‘n Rapport goed te keur wat homself weerspreek. Enersyds word aanvaar dat KlOP met ’n “kommissie” dieselfde aansoek as wat nou in SSPta tuishoort (KO, art 30), hanteer (art 36, pte 2 en 3, 6.3). Andersyds verwys SSPta egter Malan na ‘n volgende en ander SSPta (Bylae 5, art 36 pt 6.4). Volgens Gereformeerde kerkreg sluit en verdaag ad hoc vergaderings van kerke in Klassis of Sinode. Indien ‘n vergadering van kerke egter agenda soos ‘n aansoek om beroepbaarstelling hanteer maar weens weens ontbrekende getuienis nie kan afhandel nie, gaan die vergadering in reses (soos Sinode 2009) om weer te vergader om werk as kerke af te handel (KO, art 30). SSPta het dus in art 36 br Malan se reg gekrenk deur sonder om oor sy aansoek te beslis, te sluit en te verdaag.

3.9 Om van Malan te verwag om van GK Pretoria-Brooklyn ongespesifeerde dokumente te verkry omdat GK Pretoria-Oos verdwyn het en GK Pretoria-Brooklyn dit reeds afgewys het, is regskrenking in art 36, pt 6.2.

3.11 SSPta het gekonstitueer met verteenwoordigers van KlOP. KlOP het wat skynbaar versuim om aandag van SSPta te vestig waarmee hulle besig is of andersins as “instruksies” KO, art 33 aan hulle vertenwoordigers te gee. Gevolglik krenk SSPta met art 36, pte 2, 3 en 6.3 (Bylae 5) die reg van SSPta as ‘n meerdere vergadering om beroepbaarstelling te behandel wat by hom tuishoort omdat ‘n Kommissie van ‘n mindere vergadering nog besig is met wat nie meer by KlOP tuishoort nie (KO, art 30). Die regskrenking verswaar wanneer SSPta sy taak om oor ‘n aansoek om beroepbaarstelling te besluit, afhanklik te maak van ‘n Kommissie van KlOP as ‘n mindere vergadering. Regskrenking word nog erger en ongehoord wanneer die opdrag aan die Kommissie van KlOP of waaroor dit gaan nie in art 36 van SSPta genoem word nie. Om ‘n meerdere vergadering so ondergeskik aan ‘n “kommissie” te maak wat absoluut geen kerkregtelike status het nie, is ongehoorde regskrenking (Bylae 5, pte 2 en 3 en 6.3). Dit bots immers vierkantig teen KO, art 4 en Sinode 1967:49 e.v. Om Malan dupe te maak van derglike impotente kerkregering gebaseer op struktuurdenke van ‘n abstrakte permanente Klassis met ‘n staande funksionerende “kommissie” bots teen die realiteit dat die Klassis gesluit en verdaag het en die volgende moet die kerke opnuut met lasbriewe saamstel. Malan se reg word dus in SSPta gekrenk met kollegialistiese struktuurdenke.

3.12 Br Malan se reg is gekrenk omdat KlOP en SSPta beide van 2011, versuim het om vas te stel waarom en hoe hy van GK Pretoria-Oos eervol kragtens KO, art 11 losgemaak

is en vir maande beroepbaar was (vgl Bylae 1). Sy regsposisie is sonder ondersoek onder Acta Sinode 1973:318 ingewring en die reg fundamenteel gekrenk deurdat nie KIOP of SSPta 2011 ooit na Notule van Klassis Pretoria-Oos 1997 (Bylae 1) verwys nie, hoewel br Malan dit beskikbaar gestel het (vgl Bylaag (1)).

3.13 Br Malan se aansoek om beroepbaarstelling as 'n ervare kandidaat in teologie is dus onregverdig, sorgeloos en onbroederlik deur KIOP en SSPta (vgl Bylae 5) behandel en nie afgehandel nie, omdat gesag van ongespesifiseerde "dokumente" sonder bewys van hulle relevansie hoër geag is as Skrif, Belydenis en KO wat gedeputeerdes na 'n Streeksinode volgens die geloofsbriewe veronderstel was om in 'n aansoek om beroepbaarstelling te kan hanteer. SSPta November 2011 het egter in art 36 uit onkunde, onvermoë of uit verskuilde male fide die reg van br Malan om beroepbaar gestel te word, gekrenk en sy jare van swaarkry, geloof en vashou aan die roeping van die Here sonder liefde ignoreer en verleng. Mag die Here deur die Algemene Sinode reg herstel op die Gereformeerde beginsels van die GKSA soos bely in die Reformasie NGB, artt 7 en 29 veral 2de par.

4. Slotversoek

Ondergetekende vertrou dat u tekortkortkomings in hierdie Appèlskrif sai verskoon. Tyd was beperk om te redigeer en insig onder KO, art 18 en formulering kom nie meer so maklik nie. Tog is ek oortuig dat die Here sy diensknegte wat Hy swaar beproef, ook voorberei om tot eer van sy Naam en heil van sy kinders te gebruik. Gevolglik het ek my geroepe gevoel om teen die besluit van SSPta in art 36 van 22 November e.v.d. 2011 te appelleer. Br Neels Malan het dekades lank 'n swaar kruis gedra maar aan sy roeping getrou probeer bly. Die beginsel in KO, art 4 vir beroepbaarstelling is dat 'n Klassis van meer kerke moet oordeel. Gevolglik kan dit ook soos deur GKSA in en deur Streeksinodes van nog meer kerke geskied. Ek versoek daarom nog meer kerke in Algemene Sinode byeen 2012 beleefd om indien hierdie Appèl slaag en art 36 SSPta November 2011 vernietig is, in lig van die gesloer en vertragings sedert 2010 self in die lig van feite in hierdie Appèl, die beroepbaarstelling van kandidaat Malan waarin SSPta gefaal het, af te handel. U beskik immers oor die getuienis van die Kerkraad en Klassis Oktober 1997 (Bylae 1), getuienis van die GK Kriel gedat 14.9.2011 in stukke van SSPta art 36, pt 5, en is bewus van die kandidaatseksamens wat br Malan reeds in 1970 afgelê het. Ek vertrou dat u goedkeur dat br Malan in my afwesigheid met sy dokumente en ervaring toelig waar en soos u vergadering verlang.

J. **RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE**

1. Opdrag

Appèl – B Spoelstra teen besluit van Streeksinode Pretoria, 22 November 2011.
Aanbeveling: Kennis geneem.

Besluit: Kennis geneem.

2. Werkswyse

2.1 In die behandeling van die Appèl is br CJ Malan namens die Appellant sowel as die Toeligters van Streeksinode Pretoria, asook ds G van Wyk, dr RM van der Merwe en prof J Smit aangehoor.
Aanbeveling: Kennis geneem.

Besluit: Kennis geneem.

3. Hantering van die Appèl

Die beweerde regskrenking deur Streeksinode Pretoria asook verdere agtergrond word ter kennisname in punte 1 en 2 van die Appèlskrif weergegee. Die kern van die Appèl is die bewering dat die vereistes gestel deur Sinode 1973:318, 3.2.2.3 en 3.2.2.5 NIE moes geld vir die behandeling van br CJ Malan se aansoek om beroepbaarstelling nie, maar dat aan die bepalings van KO, art 4 (Sinode 1967:49 ev) voldoen moes word om br Malan beroepbaar te stel. Die spesifieke Appèlgronde word nie duidelik onderskei,

aangetoon en beredeneer nie, maar al die sake word in punt 3 (3.1-3.13) van die Appèlskrif aangespreek. Die Toeligter, br Malan, het aangedui dat daar veral 3 sake is waarin hy meen die reg gekrenk is, nl: (1) Dat die besluit van Sinode 1973 foutiewelik as vertrekpunt vir beroepbaarstelling gestel is in stede van KO, art 4 (Sinode 1967); (2) dat br Malan nie die geleentheid gegee is om die Streeksinode Pretoria volgens KO, art 4 toe te spreek toe sy aansoek om beroepbaarstelling bespreek is nie (audi et alteram partem); (3) dat die gunstige getuienis van die Kerkraad van GK Kriel (waar br Malan tans 'n lidmaat is) nie geweeg is om die aansoek te beoordeel nie. Daarmee saam word beweer dat die Kommissie wat die aansoek hanteer het, buite sy mandaat (KO art 49) opgetree het in die hantering van br Malan se aansoek. Alle vermelde Appèlgronde kom dus direk of indirek daarop neer dat vasgestel moet word wat die geldige wyse van hantering van die aansoek om toelating tot die bediening deur br Malan is: Sinode 1973:318 of KO, art 4 (Sinode 1967:49). Sou alleen KO, art 4 van toepassing wees, sou regskrenking teenoor br Malan waarskynlik bewys kan word.

Die Appèlkommissie formuleer die Appèlgrond(e) sover moontlik uit punt 3 (3.1-3.13) van die Appèlskrif, waarna dit beredeneer word en tot 'n bevinding gekom word.

Besluit: Kennis geneem.

4.1 Appèlgrond 1

Streeksinode Pretoria het die reg gekrenk deur die vereistes gestel deur Sinode 1973:318 as voorwaarde tot die aansoek om beroepbaarstelling van br Malan te stel, terwyl die vereistes vir beroepbaarstelling soos gestel deur Sinode 1967:49 (KO, art 4) toegepas moes word (vgl 3.1-3.4; 3.6-3.9; 3.11-3.13).

4.1.1 Beredenering

4.1.1.1 Wanneer geld die besluit van Sinode 1973:318? (Hierdie Sinodebesluit behandel die saak van persone wat voorheen in die amp was.)

- In die geval waar 'n persoon vroeër eiewillig die amp neergelê het.
- Ook waar predikante onder KO, artt 12 of 79 uit die amp is.

4.1.1.2 Wanneer geld die besluit van Sinode 1967:49? (Hierdie Sinodebesluit behandel die saak van persone wat die eerste keer tot die bediening toetree.)

- By die aansoek van 'n persoon wat vir die eerste keer aansoek doen om beroepbaar gestel te word.
- Nadat aan die besluit van Sinode 1973:318 se vereistes voldoen is (waar daardie besluit van toepassing is).

4.1.1.3 Watter besluit – Sinode 1973 of Sinode 1967 – is van toepassing vir br Malan se aansoek om beroepbaarstelling?

- Die Appellant argumenteer dat Sinode 1967 (KO, art 4) van toepassing is op br Malan se aansoek om beroepbaarstelling. Volgens hom moes br Malan se aansoek suiwer op grond van KO, art 4 behandel en afgehandel word. Hy grond sy redenasie op die feit dat br Malan uit die bediening is nadat hy op grond van KO, art 11 vir bykans 9 maande op waggeld geplaas is. Die broeder het egter nie in die vasgestelde tydperk 'n beroep ontvang nie en moes noodwendig oorgaan tot 'n ander staat van die lewe (KO, art 12). (Vgl Kruger, LS e.a., 1966:95, Handleiding by die Kerkorde van die GKSA; Spoelstra, B. 1989:93, Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering; Visser, J. 1999:57, Die Kerkorde in praktyk.) Br Malan het in 1998 verskeie Appèlle ingedien teen die besluit van die GK Pretoria-Oos, asook teen die besluit van die Klassis Oostelike Pretoria om hom op waggeld onder KO, art 11 te plaas. Nie een van br Malan se Appèlle het geslaag nie.

  Daar kan geredeneer word dat die broeder nooit uit vrye wil die roeping neergelê het nie, maar dat hy vanweë die feit dat hy nie 'n beroep binne die vasgestelde tyd ontvang het nie, uit die amp "geforseer" is. Sodanige redenasie wil betoog dat KO, art 12 gevolglik nie hier van toepassing is nie en dat die vereistes van Sinode 1973 dan ook nie sou geld nie. KO, art 11 funksioneer egter nie binne 'n lugleegte nie. Hierdie artikel van die Kerkorde word alleen in besondere en buitengewone omstandighede in werking gestel. Daardie buitengewone omstandighede kan ook

op sake dui wat die ampsuitoefening van die aansoeker in die verlede beïnvloed het, maar wat dit ook in die toekoms kan beïnvloed. Daar moet sover moontlik verseker word dat ‘n aansoeker wat beroepbaar gestel word met stigting in ‘n plaaslike kerk sal kan dien.

Daarmee saam is dit God wat roep (innerlike roeping). Daardie innerlike roeping moet ook deur die uiterlike roeping bevestig word (KO, art 3). Wanneer ‘n persoon wat onder KO, art 11 op waggeld geplaas is nie ‘n beroep binne die vasgestelde wagtydperk ontvang nie, moet God se wil en beskikking daarin erken word.

Dit is dus nie sonder goeie grond nie dat selfs ‘n persoon wat weens die toepassing van KO, art 11 oorgegaan het na ‘n ander staat van die lewe onder KO, art 12 se saak deeglik nagegaan moet word. Hy kan alleen weer ‘n keer beroepbaar gestel word nadat die sake wat aanvanklik daartoe aanleiding gegee het dat sy saak onder KO, artt 11 en 12 behandel is, ook behoorlik ondersoek is.

4.1.1.4 Watter vereistes word gestel aan ‘n persoon wat aanmeld onder die besluit van Sinode 1973?

- Hy moet aanbevelingsbriewe (wat positiewe getuienis lewer) inhandig van die kerkraad en klassis waar hy oorspronklik uit die bediening is.
- Hy moet ‘n getuigskrif inhandig van die plaaslike gemeente waarvan hy tans ‘n lidmaat is, asook voldoen aan al die ander vereistes waaraan ‘n normale KO, art 4 aansoek moet voldoen.

4.1.1.5 Hoe het die aansoeker, br Malan, sy aansoek om hertoelating tot die bediening hanteer?

Op grond van die aanbeveling van die Korresponderende Kerkraad van Klassis Oostelike Pretoria, het br Malan sy aansoek aanvanklik self ook hanteer volgens die bepalings gestel deur Sinode 1973. Nou word daar geappelleer op grond van die (wesens)grond dat die besluit van Sinode 1973 nie hier van toepassing is nie.

Br Malan het die GK Pretoria-Brooklyn genader vir ‘n aanbevelingsbrief. (Die GK Pretoria-Oos se geboue, ens is met ontbinding van GK Pretoria-Oos, oorgeneem deur die GK Pretoria-Brooklyn wat uit ou notules, ens die nodige dokumentasie aan br Malan moes verskaf.) Br Malan het ook Klassis Oostelike Pretoria vir die vereiste aanbevelingsbrief genader. Dit was dus duidelik dat br Malan self verstaan het dat hy by die sitting van die Streeksinode Pretoria aan die vereistes van Sinode 1973 moes voldoen om suksesvol tot die bediening toegelaat te kan word.

4.1.1.6 Hoe het Streeksinode Pretoria van 22 November 2011 die aansoek hanteer?

Streeksinode Pretoria het die aansoek hanteer soos Sinodebesluit 1973:318 vereis in die geval van ‘n persoon wat onder KO, art 12 (en ook waar dit vooraf ‘n KO, art 11 saak was) uit die bediening is.

Sinodebesluit 1973 stel die vereiste dat spesifieke dokumentasie vooraf ingehandig moet word. Die vertroulike gesprek, eksaminering van preke, beoordeling van die getuigskrif van die Kerkraad waar die aansoeker tans ‘n lidmaat is (in hierdie geval die GK Kriel), ens kan dus nie plaasvind voordat die nodige dokumentasie by die Streeksinode ingedien is nie.

Br Malan het egter in gebreke gebly om die nodige aanbevelingsbriewe van die GK Pretoria-Brooklyn, asook van die Klassis Oostelike Pretoria, in te dien. Hy het beide briewe wel aangevra, maar het dit nie ontvang om by die Streeksinode Pretoria 22 November 2011 te kon inhandig nie. Die onus om hierdie briewe in te handig berus by die persoon wat aansoek doen om beroepbaar gestel te word. Die aansoeker moet verseker dat al die nodige dokumentasie betyds beskikbaar is vir inhandiging by die Streeksinode. Daar kan nie van ‘n Streeksinode verwag word om in reses te gaan waar die persoon wat aansoek doen om beroepbaar gestel te word, nie persoonlik verseker het dat hy n.a.v. die vereistes van Sinode 1973 die nodige aanbevelingsbriewe ingehandig het nie. Br Malan beweer dat hy eers op die dag voordat Streeksinode Pretoria op 22 November 2011 sou vergader van die GK Pretoria-Brooklyn verneem het dat hulle nie vir hom ‘n aanbevelingsbrief kan gee nie. Br Malan het ook sonder dat hy dit vooraf gekontroleer het, aangeneem dat

Klassis Oostelike Pretoria ‘n aanbevelingsbrief tydens die Streeksinode Pretoria aan hom sou oorhandig. Sodanige brief was egter ook nie beskikbaar nie.

Die vereiste dokumentasie volgens Sinode 1973 is nie ingehandig nie. Gevolglik kon die aansoek nie verder deur die Streeksinode hanteer word nie. Dit blyk uit die Tweede Rapport van die ad hoc Kommissie wat br Malan se aansoek op Streeksinode Pretoria November 2011 behandel het (Bylae 22, punt 2 – aangeheg as Bylae 5:2 van 3) dat die Kommissie moeite gedoen het om uit te vind waarom die nodige dokumentasie nie beskikbaar was nie. Daar word ook deur die Toeligters getuig dat daar staande die Streeksinode (alhoewel die onus op die aansoeker rus) tevergeefs deur lede van die ad hoc Kommissie en bepaalde afgevaardigdes na die Streeksinode gepoog is om die nodige ontbrekende dokumentasie in die hande te kry sodat die beroepbaarstelling van br Malan staande die Streeksinode behandel en afgehandel kon word.

Dit is verder duidelik uit Artikel 36 van die Notule van Streeksinode Pretoria (kyk Rapport van ad hoc Kommissie, Bylae 22, punt 6.2-6.4) dat die Streeksinode nie mala fide opgetree het in br Malan se saak nie. Die Streeksinode keur die volgende goed: Die GK Pretoria-Brooklyn word geadviseer om die nodige aanbevelingsbrief so gou moontlik aan br Malan te verskaf (6.2). Klassis Oostelike Pretoria word geadviseer om die vordering van br Malan se saak duidelik met hom te kommunikeer (6.3). Voorts onderneem die Streeksinode om so spoedig moontlik na inhandiging van die nodige dokumente br Malan se aansoek te behandel (6.4).

(Daar moet ook vermeld word dat br Malan (volgens eie getuienis) ook in 2001 aansoek gedoen het by ‘n Partikuliere Sinode in Pretoria wat sy aansoek (in die woorde van br Malan) weens onvoldoende getuienis afgewys het. Br Malan moes dus deeglik bewus gewees het van die erns om die korrekte dokumentasie by die aansoek om hertoelating tot die bediening by die betrokke Streeksinode in te handig.)

Besluit: Punte 4.1.1 tot 4.1.1.6 kennis geneem.

4.1.2 Bevinding

Die besluit van Sinode 1973 was wel van toepassing by die hantering van die aansoek om beroepbaarstelling van br Malan. Daarom kon die Streeksinode Pretoria 22 November 2011 nie die aansoek sonder die nodige aanbevelingsbriewe van die GK Pretoria-Brooklyn en Klassis Oostelike Pretoria onder KO, art 4 hanteer nie. Die Appèlskrif in sy geheel berus primêr op hierdie Appèlgrond.

Besluit: Kennis geneem.

4.1.3 Aanbeveling

Appélgrond 1 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 Appèlgrond 2

Streeksinode Pretoria het die reg gekrenk deur werk wat hyself moes doen te delegeer na ‘n ad hoc Kommissie wat sonder welomskrewe opdrag (KO, art 49) funksioneer het (vgl 3.5.)

4.2.1 Beredenering

Dit het reeds usansie geword (‘n kerklike gebruik wat deur sy goeie gevolg en voordele inslag gevind het en daarom gehandhaaf word) dat ‘n Streeksinode by voorbaat ‘n Klassis aanwys om as Eksamendeputate op te tree vir die eerskomende Streeksinode (indien iemand sou aanmeld met die oog op beroepbaarstelling). Daardie aangewese Deputate tree op binne ‘n welomskrewe opdrag (KO, art 49) en mandaat soos deur die Streeksinode aan hulle gegee om die hele saak rondom aansoeke om beroepbaarstelling te hanteer. Dit sluit noodwendig ook aansoeke in wat hanteer moet word onder Sinodebesluit 1973, aangesien die hantering van aansoeke onder Sinodebesluit 1973 (indien aan die nodige dokumentasievereistes voldoen word) ook oorgaan na die hantering van die aansoek om beroepbaarstelling onder KO, art 4.

Besluit: Kennis geneem – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

4.2.2 Bevinding

Streeksinode Pretoria het nie die reg van die Appellant gekrenk deur 'n sogenaamde ad hoc Kommissie aan te wys nie. Hierdie Kommissie was die aangewese Klassis wat as Eksamendeputate binne 'n welomskrewe opdrag volgens KO, art 49 opgetree het.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.3 Aanbeveling

Appélgrond 2 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

5. Aanbevelings

Die appèl slaag in sy geheel nie.

Besluit: Goedgekeur dat die appèl in sy geheel nie slaag nie.

2. Die Algemene Sinode van 2012 voldoen nie aan die versoek van die appellant (vgl 4. Slotversoek) om die beroepbaarstelling van br CJ Malan af te handel nie (vgl KO, art 30).

12.1.2 APPÈL VAN BRS G EN F KRUGER TEEN 'N KERKRAADSBESLUIT VAN KLASSIS TRANS-MAGALIES VAN 24 MAART 2011 (insake klag teen br Nico Vorster onder KO, art 79/80 – Skrifgesag, erfsonde en die 9e Gebod) (Art 75)

A. Dr RM van der Merwe rapporteer namens die Pre-Advies Kommissie insake Appèlle en Beswaarskrifte.
B. **Besluit:** Die appèl word nie ontvanklik verklaar nie (die appèl word nie gepubliseer nie – Deputate Handelinge).